SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – JULIE 2024

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

➢ Met Opregte Medelye met die heengaan van:

† **Wickus van der Linde**, Voorsitter van die SAIV, oorlede 9 Junie 2024.
Huldeblyk deur genl.maj. (Aft) Gert Opperman, SAIV President. Lees op bladsy 3.

† **Col. (Ret) Jan Dirk Breytenbach**, passed on 16 Junie 2024.
Media Statement issued by his son, Richard Breytenbach, on 16th June 2024. Read page 5.

† **Lt.Kol. (Aft) John Quinn**, Centuriontak en Evedenhuis (Moth), Centurion, oorlede 25 Junie 2024.
'n Verkorte weergawe van sy loopbaan soos verskaf deur sy seun, Henry. Lees op bladsy 5.

➢ Met Opregte Medelye aan:

- Doug Maddon, Wesrandtak, se tante, Bernadette Mullen, oorlede.
- Johnny Steenkamp, Wesrandtak, se moeder oorlede.
- Leon le Roux, Webwerf, se eggenote Bettie se oom, Chris Opperman, (93jr) oorlede.
- Charlotte Labuschagne, Centurion, swaer, Theuns Dreyer, oorlede.

➢ Verjaarsdagwense aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.

"Al was ek so slim lat ek niewe goeterse kan maak, ma ek het die Jirre se liefde byte innie son gelat lê, dan is ek niks, hoor wat ek hierie vedag vir jou sê. *(Hans du Plessis: Inne Skylte vannie Jirre – Griekwapsalms en Ander Dinge; 1 Korintiërs 13)*

➢ Spesiale Verjaarsdagwense aan:

- **Lt.Genl. (Aft) R.F. Holtzhausen**, Ere-President SAIV, is op 16 Julie 2024, 91 jaar oud.
- **Genl.Maj. (Aft) Gert Opperman,** President SAIV, verjaar 27 Julie 2024.

- **Gelukwensing aan: Dr. (Lt.) Pieter Groenewald, Erelid van die Suid-Afrikaanse Infanterieverening,** pas aangewys as die Minister van Korrektiewe Dienste.
  - Agbare Pieter Groenewald het sy militêre diens by die Beredesentrum van die SA Weermag in Potchefstroom voltooi en 'n B.Iuris graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Hoër Ondewys. Hy het ook 'n nagraadse Diploma in Kommunikasie voltooi, gevolg deur 'n Meestergraad in Bestuur en Ontwikkeling en 'n Doktorsgraad in Politieke Wetenskap. (Wikipedia)

- **Spoedige Beterskapswense aan:**
  - Lt. Genl. R.F. Holtzhausen, Ere-President SAIV, ongesteld, word tuis versorg.
  - Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, word tuis versorg.
  - Genl. Maj. Hennie Schultz, Senior Lid, beenmurgkanker, ervaar beterskap.
  - Brig. Genl. Johann (Vossie) Vorster, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - GT Gowar, Trans Magaliestak, se eggenote Annette, ontvang mediese sorg.
  - GT en Annette Gowar, Trans Magaliestak, se dogter Michelle Mc Leish, woonagtig in Londen, ontvang mediese sorg.
  - Flip Marx, drastiese beterskap na maandelange ongesteldheid.
  - Peet Dreyer, Centuriontak, weer in 1 Mil vir ernstige asemnood.
  - Mauritz Lombard, NUR Lid, ontvang mediese sorg.
  - Doug Madden, West Rand Branch, brother Hugh, receive medical treatment.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, Swartruggens, still dependent from COPD.

- **Koringkorrel – In aansluiting by Psalm 23 vers 3: Ter wille van Sy eer**

  "Dit is nie ter wille van enige goed wat ons verdien of gedoen het of kan doen waarvoor Hy so sorgsaam oor sy swak en dwase kinders is nie. Dit is vir die eer van sy vrye genade, ewige liefde en heilige verbond en ook ter wille van sy naam." (David Dickson)

- **'n Mondvol**

  "Trek liewer vir jou vriend jou broek uit as om vir hom vir 'n baadjie borg te staan. Anders loop julle naderhand albei nakend." *(Langenhoven)*

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za
  Webtuiste: www.sainfantry.co.za
  Facebook Blad: South African Infantry Association

ooOoo

➢ Huldeblyk by die Begrafnisdiens van Wyle Kolonel (Aft) Wickus van der Linde, in lewe Nasionale Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Infanterievereniging op 15 Junie 2024.

***26 Desember 1945 - †09 Junie 2024**

- Dit is vir my 'n voorreg om, namens die Suid-Afrikaanse Infanterievereniging, 'n huldelyk by hierdie geleentheid te lewer. Alvorens dit gedoen word, net eers ons, as sy kollegas in die Vereniging, se opregte meegevoel met Hilna, sy kinders Herman en Charlene en die res van sy familie. Hilna het hom gedurende sy tyd as Voorsitter van die Vereniging baie goed ondersteun en ook daarvoor sê ons dankie.
- Ek probeer altyd voor die lewering van só 'n huldeblyk, om eers soveel moontlik inligting oor die oorledene te kry. In hierdie geval was dit aanvanklik nogal 'n groot uitdaging, want baie van diegene wat Wickus uit sy tyd in die Oos-Kaap geken het, leef nie meer nie. Ons twee se paaie het slegs een keer in die verbygaan gekruis, toe hy in die vroeë tagtigs, meer as veertig jaar gelede, 'n kort besoek aan Sektor 70 in die Oos-Caprivi gebring het. Die volgende keer was ongeveer twee jaar gelede, toe hy en die Nasionale Sekretaris van die Vereniging my genader het om myself as President beskikbaar te stel, in die plek van wyle brig.genl. John Lizamore, met wie hy baie langer saamgewerk het.
- Graag word 'n paar van die baie positiewe opmerking wat sedertdien in verband met ons oorlede kameraad ontvang is, vermeld:
  - Lt.Genl. Joffel van der Westhuizen, voormalige bevelvoerder van Kommandement Oostelike Provinsie, het soos volg gereageer: "(Wickus) was 'n baie goeie kommandobevelvoerder en stafoffisier, ook 'n aangename persoon. Sy geesdrif was aansteeklik. De Mist Kommando was deel van Groep 6 en een van die kommandement se staatmaker eenhede. Indien ek reg onthou was hy lid van die Uitenhage Stadsraad en het van daar na ons hoofkwartier gekom."
  - Uit ander insette blyk dit dat Wickus oorspronklik in die motorbedryf betrokke was en in die laat 1980's as bevelvoerder van De Mist Kommando op Uitenhage aangestel is. Volgens die destydse bevelvoerder van Groep 6, Kolonel Liebenberg, aan wie Wickus gerapporteer het, het hy die De Mist Kommando opgebou tot die mees effektiewe en -aktiewe kommando in Groep 6. Addisionele lede is gewerf en opgelei, sodat De Mist Kommando onder sy bevel hulle gebiedsbeskermingsrol na behore kon uitvoer. Hy was 'n bevelvoerder wat dinge korrek en professioneel gedoen het en het ook 'n baie sterk en effektiewe leierskorps opgebou. Só het hy na maande se korrespondensie daarin geslaag om die kommando se skouerflitse te laat korrigeer, deur die jagluiperd wat verkeerdelik daarop was, met die regte Kaapse luiperd te laat vervang. Hy is uiteindelik deur Leërhoofkwartier gelyk gegee en die skouerflitse is herontwerp.
  - Hy is daarna bevorder tot die rang van Kolonel en aangestel as die SSO Ligte Infanterie van die Infanterieformasie, verantwoordelik vir Reserwemageenhede. Volgens brig.genl. Gerhard Kamffer, wat hom in daardie tydperk goed leer ken het,

het Wickus ‘n groot bydrae as SSO Reserwemagte gelewer, deurdat hy self reserwemag werksplase en -onderhoudseenhede van die grond af moes opbou, as deel van Projek Phoenix wat geloods is om die Reserwemag te laat herleef. Hy het, na die sluiting van die kommando’s, daarin geslaag om ‘n kern leiergroep en troepe uit die ontbinde kommando’s in die reserwemageenhede aan te stel. Hy sal onthou word as ‘n kundige en gerespekteerde offisier, met ‘n professionele benadering, wat baie trots daarop was om as ‘n offisier in die SA Leër te kon dien.

- Genl.Maj Lawrence Smith, die Voorsitter van die Raad van Militêre Veterane-organisasies, getuig dat Wickus hom getref het as ‘n ernstige en streng, maar regverdige offisier. Hy was ‘n goeie luisteraar, met ‘n baie gesonde benadering tot en hantering van die personeel wat aan hom gerapporteer het. Hy was altyd besonder netjies en het ‘n baie goeie indruk gemaak. Hy het homself baie duidelik en logies uitgedruk as hy aan die woord was – in keurige Afrikaans en Engels. Dit was altyd duidelik dat hy baie ervaring en goeie kennis oor ‘n wye reeks tersaaklike onderwerpe gehad het. Genl. Smith getuig verder dat Wickus oor die algemeen as ‘n goed-afgeronde offisier beskou was, wat ‘n waardevolle bydrae gelewer het waar hy ookal sy gewig ingegooi het.
- Die insette wat ontvang is vanaf die SA Infanterievereniging se Nasionale Sekretaris, Kolonel Geoff Holland-Muter, en ander lede van die NUR, wat die afgelope paar jaar ten nouste met oorlede Wickus saamgewerk het, bevestig sy voortreflike eienskappe en belangrike bydraes. Wickus is gedurende 2017 as lid belas met Logistiek en Regalia op die NUR gekoöpteer. Hy is daarna eers as visie-voorsitter aangewys en het vanaf Mei 2021 as Nasionale Voorsitter gedien. Gedurende hierdie tydperk het hy die samewerking van die lede van die NUR en die besture van die verskillende takke bekom en hulle positief gemotiveer. Hy was altyd aan die gang en vol idees en was nie snoep met woorde van dank, waardering en ondersteuning nie. Hy het ook steeds heelwat aandag gegee aan die ontwerp en produksie van die meeste van die SAIV se toekenings, insluitende medaljes, sertifikate en ander kentekens.
- Baie hiervan gespruit uit sy noue persoonlike kontak met goeie vriende in die Nederlandse Mariniers, wat hom gereeld genooi het om aan hulle marse deel te neem. Hy was besonder getref deur die tradisies, netheid, swier en vertoon (die spreekwoordelike “pomp and circumstance”) van die Europese Weermagte en het heelwat daarvan na Suid-Afrika teruggebring. Hy het sy taak as voorsitter van die SAIV met groot toewyding gedoen en het sy beste gelewer om rustigheid, kalmte en ‘n gees van onderlinge samewerking in eie geledere te bevorder. Die leiding, steun en erkening wat hy in alle opsigte aan die lede van die NUR en die takbesture gegee het, sal terdeë gemis word.
- Dit is ook hoe ek persoonlike vir oorlede Wickus beleef het tydens die tyd wat ons saamgewerk het. Hy het beskik oor die nodige korpsagtergrond, geloofwaardigheid en ander eienskappe om ‘n waardige, legitieme voorsitter van die SAIV te wees. Hy het deur sy eienskappe, gesindheid, toewyding, harde werk en goeie menseverhoudings, status aan die pos verleen. Sy onverwagte heengaan is ‘n groot

verlies vir die SA Infanterievereniging en ons, as sy agtergeblewe kamerade, sal hom mis, RIV, kameraad!

ooOoo

➢ Media Statement: Passing of Colonel (Ret) Jan Dirk Breytenbach

(*14 July 1932 – †16 June 2024)

Colonel Jan Dirk Breytenbach DVR SD SM MMM, a retired South African Special Forces officer was best known as the first Commander of 1 Reconnaissance Commando, South Africa's first Special Force unit; as well as the first Commander of 32 Battalion and of 44 Parachute Brigade. He attended the Army Gymnasium in 1950 and was awarded the Sword of Honour 1953. After having served in the Armoured Corps, he joined the Royal Navy's Fleet Air Arm in 1956. He rejoined the South African Defence Force in 1961 and in 1970 founded the SA Special Forces. During 1976 he was instrumental in establishing 32 Battalion.

He joined Staff College in 1977 and was promoted to Colonel and became the Senior Staff Officer for Operations at Northern Transvaal Command. Colonel Breytenbach commanded 44 Parachute Brigade from 24 September 1980 to 31December 1982 and founded the SADF Guerilla School which he commanded until his retirement. Colonel Breytenbach retired from the military in 1987 and has written several military and nature conservation books since then. His career is testimony to his unrelenting commitment to the military. Blue skies always.

Colonel Breytenbach is not only revered as an icon by many in South Africa but also in the international Special Operations world.

Colonel Breytenbach is survived by his wife Rosalind, his son, Richard, daughter, Angela, and his grandchildren Christopher and Matthew.

ooOoo

➢ Lt.Kol. (Aft) John Quinn, Centuriontak en Evedenhuis (Moth), Centurion

(*24 Maart 1940 - †25 Junie 2024)

- 5 SAI – 1970 tot 1976
- 6 SAI – 1977
- 2 SAI – 1978
- Voortrekkerhoogte – 1979 tot verplasing na 121 Bataljon
- 121 Bataljon – 1982 – 1984
- Kommandement Noord-Transvaal – 1984 tot en met sy aftrede in 1991.
- Hy was ook lid van die Suid-Afrikaanse Infanterievereniging en het gereeld Evedenhuis se fasiliteite aan die vereninging vir hul byeenkomste, beskikbaar gestel. Die SAIV sal altyd met waardering dink aan sy nagedagtenis. RIV Kameraad!